

Openbare uitsaaiwese en politieke intervensionisme in 'n postbevrydingsamelewing: Die SAUK¹ en kompeterende meta-narratiewe (regimevoorkeure)

Public broadcasting and political interventionism in a post liberation society: The SABC and contending meta-narratives (regime preferences)

PIET CROUCAMP

Departement Politiek, Universiteit van Johannesburg
pietc@uj.ac.za



Piet Croucamp

PIET CROUCAMP het 'n D.Phil-graad van die Universiteit van die Vrystaat. Hy is tans verbonde aan die Departement Politiek aan die Universiteit van Johannesburg. Hy bied voorgraadse en nagraadse kursusse in Suid-Afrikaanse politiek aan en spesialiseer in kwantitatiewe navorsingsmetodes. Croucamp het reeds verskeie artikels gepubliseer oor politieke teorie, asook die konseptualisering en operasionalisering van sosiale kapitaal in ontwikkelende politieke stelsels.

PIET CROUCAMP holds a D.Phil degree from the University of the Free State. He lectures in the Department of Politics at the University of Johannesburg where he is responsible for undergraduate and postgraduate courses in South African politics. He specialises in quantitative research methods. Croucamp has published a number of articles on political theory and the conceptualisation and operationalisation of social capital in developing political systems.

ABSTRACT

Public broadcasting and political interventionism in a post liberation society: The SABC and contending meta-narratives (regime preferences)

The discourse pertaining to the role and function of the public broadcaster reflects diverse and competing meta-narratives. Meta-narratives refer to the normative political preferences pertaining to the consolidation of institutions of social order, and the formulation of the rules and social values underlying such rules. A number of meta-narratives are reflected in the discourse pertaining to the role and functioning of the public broadcaster in South Africa. This article reflects on the contending regime preferences of liberationism and libertarianism, prevalent within society, as well as the state, and the extent to which they (contending regimes) influence notions of control and authority in the SABC. The premis is that this contest between dominant regimes will determine how the SABC executes its mandate. A cardinal indicator of liberationism is the justification for

¹ Die afkorting SAUK word deurlopend gebruik vir Suid-Afrikaanse Uitsaai korporasie. Die afkorting SABC (South African Broadcasting Corporation) word egter algemeen gebruik deur kanale, stasies en die bestuur van die SAUK.

state interventionism in the distribution of the greater good and the need to facilitate a nation-building program. To the contrary libertarianism advances the notion of institutional autonomy for the public broadcaster (from the state-building process), as a means of protecting the public broadcasting from state interference. The SABC operates in the context of a developing political economy and a relative weak institutionalised state. Under such conditions, the ruling party – with its history embedded in liberationist justifications for justice and social order – functions under continuous societal pressure to legitimise its policies and its implementation (or lack of implementation). The conclusion is that weak states and governments which experience strong (but fragmented) societies encroaching upon their autonomy, will experience the urge to occupy the public broadcaster with party-political functionaries, and then use the institution in the justification of a particular regime preference. The prospect of the public broadcaster becoming a state broadcaster is therefore pertinent under conditions typical to post-liberationist societies where the state is weak and democracy not consolidated. In this context, due to its opposition to interventionism, libertarianism is stigmatised as a regime preference, especially so those social values associated with market forces, and which are left to – largely unfettered – determine the extent and nature of social justice and representation. Liberationism and its institutional architecture emphasise the necessity of representation, whereas libertarianism defines the role of the state and government in terms of its accountability to the electorate or society. The management of the SABC, and the execution of the mandate of the public broadcaster, therefore, reflect the struggles within society and those conflicts permeating the relations between state and society, and/or between the ruling party and its contenders. Whether or not it is at all possible for the (colonial) tradition of public broadcasting to be established in a developing political economy, is a moot point. That, however, does not question the pedagogic role of the national broadcaster, it merely suggests that it may well not be feasible to conceptualise the role of the SABC in libertarian terms or to expect the state (or the ruling party) to maintain an operational distance between itself and the main source of national news in South Africa.

KEY CONCEPTS: SABC, SABC Board, newsroom, regime, liberalism, utilitarianism, public broadcasting, political liberation, accountability, representivity

TREFWOORDE: SAUK, SAUK-raad, nuuskantoor, regime, liberalisme, utilitarisme, openbare uitsaaier, politieke bevryding, aanspreeklikheid verteenwoordiging

OPSOMMING

Die diskoers met betrekking tot die rol en funksie van die openbare uitsaaier word gereflekteer in diverse, kompeterende meta-narratiewe. Meta-narratiewe verwys na 'n normatiewe politieke voorkeur met betrekking tot die vestiging van instellings van beheer, die formulering van die reëls van sosiale ordening, asook die sosiale waardes wat daardie reëls onderlê (regimes). Hierdie artikel ontleed die rol en funksie van die openbare uitsaaier in Suid-Afrika in die konteks van die nasionale politieke diskoers, asook die regverdiging vir die meta-narratief van voorkeur soos aangebied in die konteks van sosiaal-politieke geregtigheid. Die organisatoriese spanning tussen 'n intervensionistiese rol en funksie van die staat, en 'n regulatoriese voorkeur van liberaal-demokratiese regimes, het pertinente konsekwensies vir die operasionele definisie van die nasionale uitsaaier. Die wyse waarop die staat se rol en werking binne die samelewing gedefinieer word, is direk in verhouding met die wyse waarop die openbare uitsaaier geformuleer word. Die intervensionistiese verwysingsraamwerk het sy oorsprong in die bevrydingsnarratief en die

regulatoriese verwysingsraamwerk het konseptuele en operasionele verbintenisse met die liberale (utilitaristiese) narratief. In die konteks van die spanning tussen kompeterende regimes word die openbare uitsaaiewese byna noodwendig 'n terrein vir politieke en sosiale mededinging. Die beginsel van institusionele outonomie is dus teoreties eerder as empiries.

1. INLEIDING

Die diskoers met betrekking tot die rol en funksie van die openbare uitsaaier word gereflekteer in diverse, kompeterende meta-narratiewe. Meta-narratiewe verwys na 'n normatiewe politieke voorkeur met betrekking tot die vestiging van instellings van beheer, die formulering van die reëls van sosiale ordening, asook die sosiale waardes wat daardie reëls onderlê (regimes). Verskeie meta-narratiewe is teenwoordig in die diskoers met betrekking tot die rol en funksie van die openbare uitsaaier in Suid-Afrika en byna sonder uitsondering word die regverdiging vir die meta-narratief van voorkeur aangebied in die konteks van sosiaal-politieke geregtigheid. Die diskoers word, verder, pertinent aangebied in 'n politieke konteks, en verteenwoordig die organisatoriese spanning tussen 'n intervensionistiese rol en funksie vir die openbare uitsaaier en 'n regulatoriese voorkeur met betrekking tot die rol en funksie vir die SAUK. Die intervensionistiese verwysingsraamwerk het sy oorsprong in die bevrydingsnarratief en die regulatoriese verwysingsraamwerk het konseptuele en operasionele verbintenisse met die Weberiaanse of liberale (utilitaristiese) narratief.

Die navorsingsvraag is: hoe word die rol en funksie van die openbare uitsaaier gedefinieer, in terme van watter sosiaal-politieke regverdiging word dit gedefinieer, en indien beleid as die uiteinde van die wisselwerking tussen kompeterende diskoerse gesien kan word, watter sosiaal-politieke regverdiging (meta-narratief) definieer die heersende asook toekomstige rol en funksie van die SAUK?

Die Kommissie vir Menseregte van die Afrika-unie stel die konseptuele raamwerk met betrekking tot die rol en funksie van die openbare uitsaaier onomwonde: "Uitsaaidienste, beheer en befonds deur die staat (in Afrika), moet getransformeer word tot openbare dienste wat verantwoordbaar is aan die publiek en die burgerlike samelewing".² Vir redes wat deur die loop van hierdie artikel bespreek sal word, is daar genoegsame konsensus dat die operasionele formulering van die openbare uitsaaier in die ontwikkelende wêreld in die algemeen, en in Afrika spesifiek, meer dikwels binne die konseptuele verwysingsraamwerk van 'n staatsuitsaaier geplaas kan word (Bussiek 2008: 1). Terselfdertyd is dit egter ook so dat 'n duidelik identifiseerbare sosiaal-politieke rasionaal momentum verleen aan 'n geleidelike paradigmatuif vanaf 'n staatsbeheerde mediaregime na 'n openbare mediaregime.

2. DIE HISTORIESE, INSTITUSIONELE ARGITEKTUUR VAN DIE OPENBARE UITSAAIWESE IN SUID-AFRIKA

In die kontemporêre konteks kan die SAUK omskryf word as 'n instelling wat deur die staat in Suid-Afrika "besit" word en oor 18 radiostasies en vier televisiekanale uitsaai. Histories was die *raison d'être* van die openbare uitsaaiewese gewortel in die Brits-koloniale tradisie. Die institusionele en organisatoriese kultuur van die SAUK is ten aanvang geformuleer deur John Reith, eens die Britse minister van inligting, maar ook die skrywer van die stigtings- en beleidsdokumente van die British Broadcasting Corporation (BBC) sowel as die openbare uitsaaiers van Kanada, Australië

² Sien Artikel VI van die 2002 Declaration of Principles on Freedom of Expression in Africa, uitgereik deur die Afrikakommissie vir Menseregte van die Afrika-unie.

en Kenia. Reith se mees basiese vetrekpunt was dat die openbare uitsaaiewese bloot tot wasdom kan kom indien die staat periodiek in belang van die breë publiek 'n sosiaal-pedagogiese toetreding tot die regulering en toeganklikheid van die media maak (Teer-Tomaselli 2008: 75).

Die eerste radio-uitsendings het in 1923 begin en die SAUK is in 1936 statutêr gevestig in die plek van die African Broadcasting Corporation (1927). In lyn met die heersende regimevoorkeur van statutêre segregasie (later algemeen bekend as Apartheid) is die meeste posisies en poste binne die korporasie beklee deur individue met 'n sosiaal-politieke profiel versoenbaar met Afrikanernasionalisme. Dit was veral so na 1948 met die laaste verkiesing wat gelei het tot die meer as vier dekades van Nasionale Party-regering. Aanvanklik het die SAUK in die amptelike tale Afrikaans en Engels uitgesaai, en die "etniese" tale was Zulu, Xhosa en Sesotho. Soos met die "amptelike tale" waar, deur self-sensuur, nougeset gekonformeer is tot die regimevoorkeur van ras- en Afrikanernasionalisme, moes die swart stasies nuus en kultuur lewer in 'n idioom wat nie die regering se regimevoorkeur sou affronteer nie. Die eerste kommersiële stasie was bekend as Springbok Radio (1950) en het in sowel Afrikaans as Engels uitgesaai. In 'n formele poging tot politieke regverdiging in 'n internasionale konteks het die Suid-Afrikaanse regering in 1966 die SAUK se mandaat verbreed met die vestiging van 'n (internasionale) diens, Radio RSA, wat in Swahili, Frans, Portugees, Nederlands en Duits uitgesaai het.

In 1971 is die vestiging van 'n televisiediens goedgekeur en op 5 Mei 1975 is die eerste beeldsendings in stedelike gebiede gedoen. Op 6 Januarie 1976 het televisie-uitsendings, toe slegs in Afrikaans en Engels, nasionaal geword in Suid-Afrika. Tot 1978 was die SAUK se finansiële bestuur, soos die BBC van Brittanje, hoofsaaklik afhanklik van lisensiegelde, waarna die eerste advertensies gebeeldsaai is as addisionele bron van finansiering. In 1982 is 'n verdere kanaal ontwikkel wat in Afrika-tale uitgesaai het. Soos met die radiodienste, het die SAUK-TV ook 'n internasionale profiel in Afrika probeer vestig met uitsendings na Botswana, Lesotho, Swaziland en Namibië (toe nog Suidwes-Afrika). Suid-Afrika se beweerde en soms opsigtelike betrokkenheid by die destabilisering van bevrydingsbewegings in buurstate het egter bewerings van 'n politieke agenda in die aanwending van die nasionale uitsaaier versterk en waarskynlik selfs bevestig (Van de Walle 2006: 208).

Gedurende hierdie jare het die SAUK 'n monopolie gehandhaaf in televisie maar in 1986 het 'n konsortium vanuit die drukmedia 'n subskripsiediens, M-Net, gevestig wat kommersieel kon meeding met die staatsuitsaaier. In terme van die lisensievoorwaardes kon M-Net egter nie nuus of aktualiteitsprogramme uitsaai nie. Die konseptualisering, ontleding en interpretasie van die politieke prosesse het steeds die domein van die SAUK gebly. Die teendeel dat die nasionale uitsaaier as 'n fundamentele instelling in die legitimering van die heersende regimevoorkeur gedien het, sal moeilik met oortuiging geargumenteer kan word. Suid-Afrika was onder geweldige internasionale druk weens die sosiale waardes onderliggend aan 'n ras-interpretasie van politieke mededinging. Binnelands was sowel die staat as die regering hoogs gesentraliseerd met spesifieke klem op die sekuriteit van die staat en die oorlewing van die Nasionale Party. Die staat en die regering was albei in direkte konfrontasie met swart Suid-Afrika en die (internasionale) legitimering van die staat was nie werklik meer ter sprake nie. Die SAUK was 'n noodwendige instrument in die regverdiging van die staat se outoritêre afdwinging van wet en orde.

Die openbare uitsaaier sou, in terme van die visie van Reith, dieselfde gemeenskapsfunksie vervul as biblioteke en universiteite, gevestig en befonds deur die staat vir die doel van universele belang. 'n Openbare uitsaaiewese moes die politieke pedagogie van universele belang ("the greater good") verteenwoordig op dieselfde wyse as wat akademiese instellings 'n neutrale, krities-analistiese diskoers sou bevorder. Sodoende was die onderskeid tussen die belang van die staat en die belang van die regerende party duidelik onderskeibare terreine. Die staat sou deur

neutrale intervensie 'n universele belang dien, terwyl aanvaar kan word dat die regering van die dag 'n gekodifiseerde mandaat, of 'n kieserskorps of 'n relatiewe meerderheid (afhangende van die kiesstelsel) verteenwoordig.

In die breë beskou het Reith se omskrywing van die openbare uitsaaiewese dit nie alleen onderskei van 'n staatsbeheerde media nie, maar reflekteer sy konseptualisering ook die sosiaal-politieke waardes van 'n liberaal-demokratiese regimevoorkeur. Die liberalistiese semantiek, of konseptuele omskrywing tipies aan demokratiese regimes, met betrekking tot die funksionering van 'n openbare uitsaaier, anders as die operasionalisering van die konsep, ontlok waarskynlik weinig omstredeheid by voorstanders van die bevrydingssteorie (Bussiek 2008). Die volgende konsepte verleen 'n universele definisie:

1. Universele geografiese toeganklikheid
2. Die bevordering van 'n universele assosiasie met programme en nuus
3. Voorsiening vir die behoeftes van minderhede en minderheidsvoorkeure
4. Strewe ter vestiging van nasionale identiteit en ontginning van 'n gemeenskaplike belang
5. Distanasiering van gevestigde belange: polities sowel as finansiële en ekonomiese belange
6. Direkte befondsing (lisensiegelde) en die universele afdwinging daarvan
7. Die nastreef van kwaliteit aanbiedings, eerder as populariteit (kykersgetalle)
8. Voorskrifte vir vervaardigers van programme wat onafhanklikheid bevorder

Bogenoemde konsepte behoort weer ontleed te word in terme van die statutêre raamwerk waarbinne die staat institusionele verhoudings orden, verwysende na die regulatoriese regime, eienaarskap, toeganklikheid asook pligsvervulling. Hoofstuk 1 van die Uitsaaiwet verwys in ongeveer dieselfde terminologie na die mandaat en verpligtinge van die nasionale uitsaaier (INCP 2008: 2).

Dit is waarskynlik 'n verdedigbare aanname dat openbare uitsaaiers slegs polities kan oorleef in toestande waar die *staat* en die *regering* duidelik van mekaar onderskei word en die staat 'n *regulatoriese* eerder as 'n *intervensionistiese* metode van regime-ordening aanneem. Die geïnstitusionele (grondwetlik gekodifiseerde) ruimte tussen die regering van die dag en die openbare uitsaaier is soortgelyk aan die outonomie wat deur akademiese instellings toegeëien word. Die Nasionale Party-regering wat tot en met die middel-1990's die politieke spelreëls van Suid-Afrika bepaal het, het op geen wyse voldoen aan die kenmerke van 'n liberaal-demokratiese regime nie. Regerings en state wat hul moet verlaat op intervensionisme en outoritêre regime-reëls ter wille van institusionele oorlewing kan kwalik 'n belangrike en omvangryke medium soos die nasionale uitsaaier toelaat om 'n onafhanklike mandaat uit te voer. Die logiese afleiding is dus dat die beginsels van 'n onafhanklike openbare uitsaaier wat universele eerder as sektariese voorkeure dien, slegs in 'n liberaal-demokratiese konteks tot wasdom kan kom. 'n Navorsingsoorsig van openbare uitsaaiers deur die Verenigde Nasies (VN) stel die punt op soortgelyke wyse: "Die operasionalisering van regulasies (van die openbare uitsaaier) staan direk in verhouding tot die tipe staatsbestel wat gevolg word" (UN Research Institute for Social Development 2002: 1). Daar sal weer later na hierdie premis teruggekeer word wanneer die openbare uitsaaier se posisie binne 'n bevrydingsregimevoorkeur ontleed word.

Die voorkeur wat die bevrydingsbeweging (of dan die regerende ANC-party) uitspreek vir 'n onafhanklike uitsaaier, kom té dikwels onder druk van *realpolitik* om as 'n operasionele werklikheid tot wasdom te kom. Onder toestande waar die regerende party, of die staat, voortdurend in 'n

legitimeringstryd gewikkel is, sal die behoefte om die uitsaaier as medium van regverdiging aan te wend byna onoorkombaar wees. Die vraag wat Dahlgren vra is dus uiters relevant: “Kan ’n totale samelewing geakkommodeer word in een openbare sfeer?” (soos aangehaal in Jones *et al* 2008: 174). Dié vraag moet geplaas word in die konteks van die demokratisering van diepverdeelde samelewings.

3. DEMOKRATISERING: DIE OPERASIONALISERING VAN BEVRYDING IN DIE KONTEKS VAN ’N LIBERAAL-DEMOKRATIESE META-NARRATIEF

Die demokratisering van Suid-Afrika se outoritêre staatsbestel gedurende die 1990s het met die veronderstelling gepaard gegaan dat die staat minstens gelegitimeer moet word in terme van die beginsel van verteenwoordiging (let wel nie politieke aanspreeklikheid nie) en dat ’n staatsgedrewe sosiale ingenieursweseprojek dan die formering van kruissnydende sosiale konsensus sou fasiliteer. Met ander woorde: Die nasiebouprojek sou voorafgegaan word deur ’n staatsbouprojek. Uiteindelik sou (individuele sowel as institusionele) aanspreeklikheid – of dan politieke verantwoordelikheid – in tandem met verteenwoordiging (die gelyke waarde van burgerskap in die konteks van histories-gedefinieerde gemeenskappe) die gelegitimeerde sosiaal-politieke argitektuur van die demokratiese proses onderlê.

In hierdie konteks word pertinent vrae gevra oor die rol en funksie van die staats-gesubsidieerde media. Die SAUK, wat ’n baie prominente en kontroversiële rol en funksie vervul het in die legitimering van outoritarisme, is met die formulering van die staatsbouprojek om logiese redes gesien as ’n institusionele meganisme met kardinale kapasiteit wat aangewend kan word – en aangewend behoort te word – in die manifestering van universele waardes (’n kruissnydende meta-narratief) van die nasiebouprojek. Terwyl die chronologie van die rasionaal logies blyk te wees, was die SAUK in werklikheid met die aanvang van demokrasie in die 1990’s ’n instelling midde-in ’n ideologiese skisofrenie. Die nasionale kompromie, argumenteer Hughes (2006: 155 – 157) is nie net aangegaan deur twee politieke protagoniste nie, maar was ’n institusionele ooreenkoms tussen twee kompeterende regimes.

Die operasionele definisie van ’n regime voorveronderstel ’n streng gedefinieerde konseptuele raamwerk (diskoers), ’n baie spesifieke ordening van sosiaal-politieke instellings, en selfs meer fundamenteel, ’n komplekse maar identiteitsgedrewe (normatiewe) begrip van die konseptuele en operasionele dimensies van geregtigheid. Die veronderstelling van die kompromie (die formulering van ’n meta-narratief – die liberaal-demokratiese grondwet beding in die Grondwetlike Vergadering), wat die verkiesing van 1994 voorafgegaan het, was dat die SAUK die funksie van ’n openbare uitsaaier sou vervul. Met ander woorde: Die SAUK vervul ’n onafhanklike funksie verteenwoordigend van die vestiging van universele waardes in die samelewing.

Gegewe die kritiek vanuit die bevrydingsdiskoers dat die SAUK ’n staatsuitsaaier was wat ’n politieke dienstigheid jeens die outoritêre staat openbaar het, was die aanname van ’n onafhanklike openbare uitsaaier met die aanvang van universele politieke verteenwoordiging nie werklik polities vergesog nie. Teer-Tomaselli (2008:73) argumenteer dat die SAUK inderwaarheid as ’n soort lakmoestoets dien in dié verband. Die wyse waarop die SAUK sou transformeer, sou ’n mikrokosmos reflekteer van die ontplooiing van die onderhandelde grondwetlike meta-narratief. Anders gestel, die wyse waarop die bevrydingsdiskoers ruimte laat vir die SAUK om ’n openbare medium van kommunikasie te word (’n inherent liberalistiese vergestaltung van ’n soewereine burgerlike samelewing), sal die finale bewys en toets lewer vir die operasionele kenmerke van Suid-Afrika se post-outoritêre regime.

4. STRYDIGE REGIME-VOORKEURE IN DIE POLITIEKE DOMEIN VAN POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

In die nasionale diskoers met betrekking tot die normatiewe kenmerke van die nuwe demokrasie is ruim gedebatteer met betrekking tot wie wat sou beheer asook waar beheer gesetel sou wees. Die liberalistiese argitektuur van die *trias politica* (die wigte en teenwigte van politieke verantwoordelikheid) was 'n *kompromie* tussen twee politieke regimes. Hoe dit in terme van besluitneming prakties sou manifesteer, was deel van die politieke en openbare debat en *konsensus* was nie noodwendig of veronderstel nie. Die institusionele en normatiewe waardestelsel wat die postapartheid regime moes reflekteer het gewissel tussen die kollektiewe waardes onderliggend aan die bevrydingsdiskoers en die individuele verantwoordbaarheid kenmerkend aan 'n liberaal-demokratiese regime. Die vraag was dus: Watter regimestelsel sou dien as die dominante ordening van die politieke argitektuur van demokratiese Suid-Afrika? In die finale analise sou dié vraag uiteindelik ook 'n antwoord lewer op die wyse waarop die plooiing van verhoudings (regering) binne die burgerlike samelewing asook tussen die staat en die samelewing deur die SAUK se nuuskantoor aangebied word. In 'n ontwikkelende, ongevestigde demokrasie, soos Suid-Afrika, is dit logies om te veronderstel dat die nasionale uitsaaier ook sosiaal-pedagogiese verantwoordelikheid sou aanvaar en vervul daarom ook 'n kardinale funksie in die formulering van die nasiebouprojek. Die mate waartoe die dominante regime-voorkeur van die staat onderskei sou kon word van die pedagogiese narratief van 'n openbare uitsaaier (befonds deur die staat) en waar senior poste gevul word vanuit die geledere van die regerende party, is 'n debatteerbare punt.

Buiten die inhoud van die nuus, was die taalbeleid van die SAUK 'n punt van politieke mededinging (soos in die nasionale diskoers met betrekking tot die konseptuele inhoud van die nuwe demokratiese projek), so ook die korporasie se rassamesstelling (vanaf die nuuskantoor tot die organisasie en bestuur daarvan), sowel as die kulturele inhoud en assosiasie van sy beeld na buite. Die stryd om identiteits- en inhoudsvorming wat die SAUK politiek sou transformeer was dus 'n spieëlbeeld van die nasionale vraagstukke rondom staat- en nasiebou. Na alle waarskynlikheid is dit ook 'n logiese rasionaal om te volg indien die SAUK as 'n pedagogiese instrument in die nasiebouprojek gesien sou word. Indien aanvaar word dat die staat die primêre determinant in die nasiebouprojek sou wees, moet die veronderstelling aanvaar word dat die staat 'n effektiewe institusionele teenwoordigheid binne die samelewing sal vestig. In dié konteks ontstaan die geldige vraag in watter mate die staat in Suid-Afrika op 'n geslaagde wyse die demokratiese argitektuur van sosiale orde, asook die sosiaal-politieke waardes van *konsensus* wat normaalweg liberaal-demokratiese regimes konsolideer, gevestig het.

Die teenwoordigheid van strydige regimevoorkeure in die politieke domein van postapartheid Suid-Afrika was op sigself ook 'n refleksie van kompeterende meta-narratiewe in internasionale politiek. Strydvrage met betrekking tot die politiek-ekonomiese balans tussen staatsintervensie *vis-à-vis* die (vrye-) mark ekonomie, globalisering *vis-à-vis* die vereistes en dinamiek van plaaslike belange en sosiaal-ekonomiese behoeftes, sentralisering van gesag *vis-à-vis* streeksoutonomieit en minderheidsregte *vis-à-vis* meerderheidswil, was ook internasionale vraagstukke belas met weinig kruissnydende konsensus (Teer-Tomaselli 2008:80). Die “oorwinning” van die bevrydingsbeweging oor die outoritaristiese, sektariese nasionalisme en gekommodifiseerde arbeid (met spesifieke verwysing na die sosiale konsekwensies van industrialisasie vir surplus, lae-koste arbeid) gedurende voorafgaande vyf dekades, het aan die sosiale en ekonomiese waardestelsels kenmerkend van *intervensionisme*, *sentralisme*, en die dominansie van die *meerderheidswil*, aan die bevrydingsregime 'n morele hoë-grond verleen – ten koste van 'n liberalistiese meta-narratief

(regime). Liberalisme, as 'n wyse van sosiale ordening was *per se* en per assosiasie gestigmatiseer, dit ten spyte van die pertinent kenmerkende liberale politieke spelreëls vervat in die Grondwet.

Die stigmatisering van die liberale regimevoorkeur het, eerstens, die transformasie van die bevrydingsregime – tot 'n verteenwoordiger van belange³ – geïnhipeer (daar was bloot te veel politieke kapitaal gesetel in die morele momentum van politieke bevryding om die geskiedenis sonder meer prys te gee) en, tweedens, het dit daartoe gelei dat die bevrydingsdiskoers die institusionele beleidsformulering kon domineer in die afwesigheid van 'n kompeterende regimevoorkeur. In daardie konteks het die SAUK oor 'n relatief kort periode 'n bestuur, raad en etos opgeneem wat meer met die regerende party geassosieer was as met die universele waardes van 'n nasiestaat, of die liberaal-demokratiese regimebeginsels van die Grondwet. Die veronderstelling was dat die openbare uitsaaier die beeld en karakter van die nasie, en staat in wording, sou reflekteer.

5. POLITIEKE LEGITIMERING EN DIE OPENBARE UITSAAIWESE: DIE STRYD OM OUTONOMITEIT

Dit sou moeilik wees om 'n argument te substansieer dat die behoeftes en eise van die breër Suid-Afrikaanse samelewing nie sosiaal en polities versoenbaar sou wees met die regerende party, en by implikasie met die normatiewe waardes en operasionele argitektuur van die bevrydingsdiskoers nie. Met 'n groot mate van empiriese regverdiging kan daar gevra word of die outoritêre regime van die apartheidstaat nie verruil is vir 'n verteenwoordigende, maar swak geïnstitutionaliseerde staat nie (Van de Walle 2006:208). In toestande waar 'n swak staat deur 'n gefragmenteerde en politiek onbestendige samelewing gekonfronteer word – 'n byna noodwendige konsekwensie van bevrydingspolitiek – is die neiging om die staat aan te wend in die legitimering van die twyfelagtige administrasie van geregtigheid soveel meer pertinent.

Dit sou egter wel moontlik wees om te wys op 'n spanning wat bestaan tussen die universele werklikhede waarmee die openbare uitsaaiwese belas is en die meetbare belang van gemeenskappe. Plaaslik vervaardigde programme het in die onlangse verlede, ten koste van buitelandse (aangekoopte) produksies, groeiende kykerstalle getrek. Veral die sogenaamde sepies wat taalvoorkeure akkommodeer deur óf onderskrifte te gebruik óf die teks so te skryf dat akteurs van diverse taalagtergronde rolle vervul, dui waarskynlik op 'n behoefte aan 'n plaaslike of streeks-, of minstens taalvoorkeur (Teer-Tomaselli 2008:81). Dat die SAUK waarskynlik minstens genoegsame kredietwaardigheid opgebou het in dié verband, word gesien in meningspeilings gedurende 2008 wat daarop dui dat die openbare uitsaaiër, in teenstelling met instellings van die staat en die regering wat deurlopend 'n legitimeringsvraagstuk ervaar, 'n hoë mate van positiewe erkenning in die burgerlike samelewing verwerf. Sewentig persent Suid-Afrikaners het gedurende die opname aangedui dat die SAUK 'n sinvolle funksie vervul in die konteks van die korporasie se mandaat. 'n Verdere teken van 'n relatiewe ruimte tussen die SAUK en die staat is die feit dat die korporasie slegs ongeveer drie persent van die totale begroting direk van die staat kry, die resant kom uit lisensiegeld en advertensies.

'n Byna voortdurende stryd bestaan dan ook om politieke inmenging en pogings om die manipulerings van die konseptuele inhoud van veral die nuusmedia teen te staan. Onder meer weens die versoeking vir politici om, minstens, hulself in 'n positiewe lig te stel, maar, meer waarskynlik,

³ Belangevertenwoordiging staan teenoor groepsvertenwoordiging, as 'n konsep eie aan liberalisme en beklemtoon individualisme en direkte verantwoordbaarheid teenoor groepsvertenwoordiging en kollektiewe verantwoordbaarheid.

ook om die dominante regimevoorkeur 'n institusionele werklikheid te maak. Gedurende 2002, byvoorbeeld, het die ministerie van kommunikasie pogings aangewend om die Wet op Uitsaaiwese so te wysig dat politieke amptenare 'n belangrike, indien nie die finale, sê sou hê met betrekking tot redaksionele beleid nie. Uiteindelik, na sterk protes van onder meer die onafhanklike media (IOL, 2 September 2005), is die poging ook teengestaan deur die ANC-gedomineerde Nasionale Vergadering. Die reaksie van die Nasionale Vergadering kan geïnterpreteer word as 'n bevestiging van die outonomieit van die wetgewende gesag *vis-à-vis* die uitvoerende gesag, 'n grondwetlike voorskrif wat dikwels in die konteks van die funksionering van bevrydingsregimes onder verdenking kom.

Terwyl liberalisme en bevryding as twee kompeterende regime-voorkeure aangebied word, sou dit noodsaaklik wees om daarop te wys dat albei regimes voortdurend geteister word deur sosiale, politieke en organisatoriese onenigheid met betrekking tot die konseptuele inhoud van die rol en funksie van 'n openbare uitsaaiër spesifiek, maar in die algemeen ook met die operasionele argitektuur van die bevrydingsregime. Die stryd om die aanwys en beheer van die SAUK-raad, aangestel deur die president op aanbeveling van die nasionale vergadering, wat in 2008 diep verdelings binne die regerende party asook die Nasionale Vergadering ontketen het, is die mees voor die hand liggende voorbeeld. Teen die einde van 2007 het President Thabo Mbeki die nuwe Raad van die SAUK aangewys onder voorsitterskap van Kanyisiwe Mkonza. Die aanstellings het plaasgevind kort voor die Polokwane-konferensie van die African National Congress (ANC) en was in weerwil van prominente rolspelers binne die regerende alliansie.

Na afloop van die Polokwane-konferensie het die sogenaamde Zumafaksie binne die ANC met die politieke momentum van 'n verswakte presidensie 'n vertydse stryd aangeknoop ter ontbinding van die raad. Die raad van die SAUK het weer gepoog om die groepshoof (uitvoerende gesag) van die openbare uitsaaiër af te dank (op 7 Mei 2008), wat op sy beurt die voorafgaande dag die hoof van die nuuskantoor Snuki Zikalala afgedank het. Zikalala het teruggekeer na die SAUK nadat hy as woordvoerder in diens was van die departement van arbeid. Hy is dikwels in die onafhanklike media beskryf as 'n apologet vir die regerende party en as 'n politieke valk met 'n bevrydingsmissie. Sy persoonlike aversie is duidelik in sy omskrywing, tydens 'n lesing vir die Harold Wolpe Memorial Seminar (Zikalala 2005:2), van die onafhanklike media in Suid-Afrika as "konglomerate met 'n onbeskaamde neo-liberale agenda". Zikalala was van mening dat die regering nie die regverdigde mediadekking gekry het wat noodsaaklik is vir die legitimering van die verhouding tussen besluitnemers en die burgers nie en het die nuuskantoor van die SAUK opdrag gegee om uitgebreide dekking te verleen aan regeringsaktiwiteite. Die gevolg was dat nuusbuletins, in die woorde van Xolela Mangcu, "'n parade van kabinetsministers" geword het" (2008: 43-44).

In 2006 het Zikalala die openbare uitsaaiwese in 'n legitimiteitskrisis gedompel nadat hy opdrag aan die nuuskantoor gegee het om nie van sekere politieke kommentators gebruik te maak nie weens hul voortdurende kritiek op president Mbeki spesifiek, en op die regering in die algemeen. 'n Kommissie van ondersoek, gelei deur 'n voormalige groep uitvoerende hoof van die SAUK en veteraan van die bevrydingsbeweging, Zwelakhe Sisulu, tesame met Gilbert Marcus, aangestel deur die groep uitvoerende hoof, Dali Mpofu, het bevind dat daar inderdaad substansie in die bewerings was. Mpofu het egter besluit om nie die verslag bekend te maak nie en het selfs ontken dat die bevinding in die verslag met substansie gemaak is. Die *Mail & Guardian* het egter teen daardie tyd reeds 'n kopie van die verslag bekom en die teendeel op die koerant se webtuiste gepubliseer.

Die uitvoerende gesag het dus 'n bepaalde politieke voordeel gehad met die teenwoordigheid van Zikalala as hoof van die SAUK se nuuskantoor, wat beteken die verwagte onafhanklike

ruimte tussen die regering en die openbare uitsaaier, of minstens die outonomieit van die SAUK, was gekompromitteer. Die feit dat Mpofu deur middel van 'n kommissie van ondersoek wel kon bevestig dat die openbare uitsaaier politieke verantwoording aan die uitvoerende gesag gedoen het, maar besluit het om steeds nie daadwerklik die SAUK van Zikalala se optrede te distansieer nie, is waarskynlik tekenend van die intensiteit van die uitvoerende gesag se teenwoordigheid en invloed op die bestuur in die algemeen, maar meer spesifiek die nuuskantoor van die SAUK.

Op 3 Junie 2008 kondig die groepshoof van strategie ("group strategy"), Siphosithole, aan dat die bestuur van die SAUK alle vertroue in die "kollektief" (verwysende na die raad) verloor het en doen daarom 'n beroep op die raad om te bedank "in die belang van die SAUK" en uit die aard van hul "persoonlike vetes" teen die groep-uitvoerende hoof, Dali Mpofu, en die bestuur van die SAUK (*Mail & Guardian-aanlyn*, 3 Junie 2008). Al hierdie individue was óf lede van die regerende bevrydingsbeweging óf hul aanstellings was na oorweging en met goedkeuring deur die ANC gedoen. Mpofu was 'n prominente lid van die United Democratic Front (Cyril Ramaphosa en Trevor Manuel was ook lede van UDF wat die ANC se binnelandse belange gedien het tydens die verbanning van die organisasie) en Zikalala was 'n politieke uitgewekene wat sy media-kwalifikasies in Bulgarye verwerf het. Weereens het die stryd om beheer en bestuur van die openbare uitsaaier 'n politieke beeld gereflekteer van die nasionale diskoers oor die konseptuele en operasionele inhoud van demokratiese verteenwoordiging en openbare verantwoordbaarheid.

Die vete was deel van 'n openbare debat, maar kompeterende diskoerse met betrekking tot die rol en funksie van die openbare uitsaaier het in die voorafgaande maande 'n minder duidelik peilbare fase deurgedaan. 'n Dokumentêr, vervaardig deur Broad Daylight Films, oor die lewe van president Thabo Mbeki is ure voor uitsending gedurende die week van 20 Mei 2006 onttrek om redes wat kon wissel van sensitiwiteit vir die integriteit van die president tot die bewerings van historiese magsverdelings en konflikte binne die bevrydingsbeweging (verwysende na Winnie Madikizela-Mandela, Chris Hani en Cyril Ramaphosa).

In 'n liberalistiese interpretasie van die openbare uitsaaiwese het die Instituut vir Vryheid van Spraak, in kritiek op die SAUK se hantering van die dokumentêr, in 'n verklaring deur die Instituut se direkteur, Jane Duncan, daarop gewys dat die onttrekking van die program 'n duidelike skending van die vervaardigers se vryheid van spraak is (*Saturday Star* 10 Junie 2006). In die media was daar wyd konsensus dat die dokumentêr om redes wat te doen het met oordadige politieke sensitiwiteit eerder as substansiële kontroversie, geskrap is. Die Internasionale Federasie van Joernaliste verwys in 'n persverklaring na die SAUK se optrede as 'n vorm van selfsensuur en insinueer dat die presidensie 'n vergadering met die SAUK se bestuur gehad het voordat die dokumentêr onttrek is (*Cape Times*, 19 Junie 2006).

Die mees pertinente voorbeeld van die SAUK se politieke sensitiwiteit jeens die regering was in die voorafgaande maande toe adjunk-president, Phumzile Mlambo-Ngcuka, tydens 'n Vrouedagbyeenkoms in Utrecht deur 'n skare uitjou is en die SAUK besluit het om nie die voorval op nasionale nuus te vertoon nie. Die uitjouery was na aanleiding van die afdanking van president Mbeki se adjunk-president Jacob Zuma na afloop van die sogenaamde Shabir Shaikh-hofsak⁴ en

⁴ In die uitspraak in die hofsak het die regter bevind dat Shaikh wel in 'n korrupte persoonlike verhouding met Jacob Zuma was. Hoewel Zuma nie per implikasie skuldig bevind kan word nie, het die skuldigbevinding van Shaikh daartoe gelei dat president Mbeki Zuma afgedank het. Die alreeds meetbare verdeeldheid wat Mbeki se presidensie gekenmerk het (hoofsaaklik tussen die president en die ANC-jeugliga en Cosatu), het 'n meer spesifieke dimensie verkry deurdat die bevrydingsbeweging verder verdeel is in 'n Mbeki-kamp en 'n Zuma-kamp. Met die Polokwane konferensie van 2008 het die Zuma-kamp daarin geslaag om beheer van die ANC oor te neem.

die regter in die saak se verwysings na die gekompromitteerde verhouding tussen Shaik en Zuma in sy uitspraak. In die konteks van die bevrydingsdiskoers was dit duidelik dat kritiek, of negatiewe refleksies op die (bevrydings-)narratief met moeite geduld sou word. In daardie verband het die besluitnemers binne die openbare uitsaaier 'n morele verpligting jeens 'n bepaalde normatiewe bepaling van geregtigheid, sosiale orde en institusionele verantwoordbaarheid openbaar.

Vanuit die onafhanklike media, opposisiepartye, onafhanklike burgerlike samelewings-organisasies en die liberale diskoers was die SAUK se hantering van geskille en twispunte gesien as sydigse loyaliteit eerder as die verteenwoordiging van universele belang en waardes. Anton Harber, voormalige redakteur van die *Mail & Guardian* en later professor in joernalistiek aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg, spreek 'n redelike algemene vrees uit wanneer hy beweer: "Daar is beslis 'n rede tot kommer oor die tendens van die SAUK wat nader beweeg aan die ANC" (IOL, 2, September 2005).

William Gumede (2007: 378) verwys na die dinamiek van sosiale en politieke verhoudinge binne die ANC as 'n wisselwerking tussen patronaatskap en verwerping. Die konsekwensies van aksies, opinies of belange strydig met die breë konseptuele raamwerk van die bevrydingsbeweging of selfs prominente leiers binne die ANC het verwerping tot gevolg. Die beleid waarvolgens lede van die meerderheidsparty beloon word vir loyaliteit aan die beweging met poste binne parastatale of die SAUK beteken dat onbestendigheid so diep verdelend soos die tweespalt binne die ANC (Zuma *versus* Mbeki), wat reeds vroeg in 2000 begin het, byna noodwendig gevolge sal inhou vir redaksionele beleid en institusionele kohesie. Vuyo Mvoko, voormalige politieke nuusredakteur van die SAUK, beweer in 'n artikel vir *Business Day* (3 Junie 2008) dat tydens die kontroverse rondom Zikalala se sensuur van kritiese kommentators, die ANC-jeugliga die ontoeganklikheid van die SAUK se nuuskantoor aan hom verklaar het as 'n uitvloeisel van beheer deur 'n faksie binne die ANC. Die Jeugliga wat later sterk met die Zumafaksie binne die ANC geassosieer het, het 'n baie komplekse en ongemaklike verhouding met Mbeki gehad, soos ook die vakverbond Cosatu. Die polarisasie van opinie oor die waardes en institusionele argitektuur wat politieke bevryding onderlê, het nie net deur die openbare uitsaaiwese geëggo nie, dit was ook 'n spieëlbeeld van die stryd binne die politieke terrein om gesag en beheer.

Mbeki se tweede termyn as hoof van die uitvoerende gesag is gekenmerk deur periodieke gerugte van pogings om sy presidentskap op 'n opportunistiese wyse tot 'n einde te bring. Na aanleiding van konstante mediaberigte het Zwelinzima Vavi, algemene sekretaris van Cosatu, 'n persverklaring uitgereik wat direk moes spreek tot ANC-amptenary binne die staat: Vavi het gewaarsku dat staatsinstellings, insluitende die polisie, wat betrokke raak by die interne stryd binne die ANC, ongrondwetlik optree (*Financial Mail*, 4 Mei 2001). In die stryd om die vestiging van 'n politieke meta-narratief is universele waardes 'n sekondêre oorweging om die eenvoudige rede dat die vestiging van mag in essensie, eerstens, sektaries van aard is, en, tweedens, kompromiegedrewe eerder as konsensusgebaseerd is. In postbevrydings politieke stelsels is die skeiding tussen die party, die regering, en die staat, byna noodwendig onder druk en vir doeleindes van politieke oorlewing is die operasionele ruimte (outonomie) van die staat as sodanig blootgestel aan pogings tot opportunistiese institusionele toenadering (Closson 2006: 8).

Dit sou moontlik wees om te argumenteer dat die politieke kultuur van Suid-Afrika kenmerkend maggedrewe is en dat die instellings van die staat, die regering van die dag, die regerende party, en uiteindelik, in die finale analise, die diverse rolspelers binne die samelewing, in 'n stryd gewikkel is om sosiale beheer en die vestiging van 'n dominante diskoers ter verklaring van sosiale en politieke oorlewing. Vandaar die versoeking of tendens van aanwending van die openbare uitsaaier as 'n instrument van beheer. Sodanige argument sou strook met die veronderstelling dat

Suid-Afrika, polities gesproke, steeds in die staatboufase sou wees: 'n fase wat nasiebou logies-gewys moet voorafgaan. Staatbou, in 'n ontwikkelende politieke stelsel, in die aanvangstadium van demokratisering, word per definisie geteister deur 'n magstryd om die vestiging van sosiale orde en geregtigheid in terme van die politieke spelreëls van die dominante regimevoorkeur. Indien die vestiging van 'n dominante narratief ('n oorwinnaar) 'n moeitevolle, of konflikgedrewe, of selfs gewelddadige proses blyk te wees, sal die argitektuur van onenigheid ook in die openbare uitsaaier manifesteer.

Murdock (soos aangehaal in Gumede 2005:178) verwys na die openbare uitsaaiwese as 'n refleksie van die toenemende druk vanuit die samelewing deur die vestiging van "nuwe vorme van verteenwoordiging". Teer-Tomaselli (2008) beweer dat die openbare uitsaaiwese in Suid-Afrika, nie alleen histories nie, maar ook nie in die hede, op 'n eenvormige, rasioneel-gedrewe openbare sfeer kan berus nie. Die teenstrydigheid van demokratiese Suid-Afrika is die gefragmenteerde begrip van identiteit, nasionale belang, en die rol van die staat in die vestiging van konsensus en kompromie.

6. TEN SLOTTE

Die uitsaaiwese in Suid-Afrika het 'n radikale metamorfose ondergaan sedert 1994. Die onafhanklike televisiemedia het 'n grootliks universele karakter verleen aan die uitsaaiwese, in so 'n mate dat die nasionale openbare uitsaaier nie noodwendig 'n sentrale funksie vervul in die demokratisering van toeganklikheid nie (Narunsky-Ladan 2008: 134). Daar het as't ware 'n pedagogie van universele (internasionale) waardes ontwikkel wat dikwels meer dominant voorkom as die staat se nasiebouprojek. Die konfrontasie tussen bevrydingsregime en utilitariese regime is steeds onderworpe aan die politieke prosesse kenmerkend van postbevrydingspolitiek, wat druk plaas op die regerende party om die nasionale uitsaaier aan te wend in 'n proses van politieke regverdiging. Die SAUK is dus voortdurend onder druk om 'n bepaalde, universeel-aanvaarde mate van outonomie te vestig jeens die regerende party. In 'n ontwikkelende politieke stelsel soos Suid-Afrika, waar demokrasie en die sosiale waardes onderliggend aan die verhouding tussen die staat en die samelewing 'n nasionale kompromie reflekteer (eerder as 'n nasionale konsensus), sal die operasionele definisie van die openbare uitsaaier waarskynlik ook 'n permanente kompromie wees tussen 'n liberaal-demokratiese regimevoorkeur en die bevrydings-narratief.

Die regerende party verkeer voortdurend onder druk van beide die universele definisie van geregtigheid asook die dinamiek van kompromieë binne die politieke prosesse tipies van sosiaal politieke bevryding binne postkonfliktsamelewings. In samelewings waar die perke van gesag en die konseptuele grense van die ooreengekome regime (die nasionale kompromie) periodiek heronderhandel word, is die outonomie en politieke ruimte tussen besluitnemers en implementeerders selde genoegsaam om 'n liberalistiese verordening te vestig. Die sterk statuut van die onafhanklike media en die globalisering van inligting (deur byvoorbeeld CNN, Sky en die BBC) skep egter 'n universele konteks wat die bevrydingsnarratief stigmatiseer op 'n soortgelyke wyse as wat die liberalistiese narratief gestigmatiseer word deur die beklemtoning van strydende historiese regimevoorkeure.

BIBLIOGRAFIE

- Closson, S.R. 2006. The Nexus of the Weak State and International Security: It all depends on the location of sovereignty. Referaat gelewer by die jaarlikse kongres van die British International Studies Association, University of Cork. Ierland . 19 Desember 2006.

- Jones, et al.: 2008. *The rise of the Daily Sun and its contribution to the creation of post-apartheid identity*. In: *Power, Politics and Identity in South African Media*. A. Hadland, E. Louw, S. Sesanti en H. Wasserman (editors). Kaapstad: HSRC Press Kaapstad: Zebra Press.
- Gumede, W.M. 2005. *Thabo Mbeki and the Battle for the Soul of the ANC*. Zebra Press: Kaapstad.
- Hughes, M. 2006. South Africa: the contrarian big African state. In: *Big African States*. C. Clapham, J. Herbst en G. Mills (editors). Johannesburg: Wits University Press.
- Mangcu, X. 2008. *The State of Democracy in South Africa*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Narunsky-Ladan, S. 2008. Identity in post-apartheid South Africa: Learning to belong through the (commercial) media. In: *Power, Politics and Identity in South African Media*. A. Hadland, E. Louw, S. Sesanti en H. Wasserman (editors). Kaapstad: SRC Press.
- Teer-Tomaselli, R. 2008. National public service broadcasting: Conditions and dilemmas. In: *Power, Politics and Identity in South African Media*. A. Hadland, E. Louw, S. Sesanti en H. Wasserman (editors). Kaapstad: HSRC Press.
- Van de Walle, N. 2006. International responses to state dysfunctionality. In: *Big African States*. C. Clapham, J. Herbst en G. Mills (editors). Johannesburg: Wits University Press.
- Zikalala, S. 2005. Defining the Public Interest – The SABC as a Public Broadcaster. Referaat vir die Harold Wolpe. Memorial Seminar. 7 September 2005.

Internetbronne

- Bussiek, H. 2008: Public Broadcasting Survey in Africa. <http://inputblog.wordpress.com/2008/04/26/public-broadcasting-survey-in-africa>. [9 Julie 2008.]
- INCP, 9 Julie 2008. [30 Julie 2008.]
- IOL, 2 September 2005. [22 Julie 2008.]
- Mail & Guardian-aanlyn*, 3 Junie 2008. [18 Julie 2008.]
- United Nations: Research Institute for Social Development: West Africa: *Review on Global Media Governance – A Beginners Guide*. <http://www.unrisd.org/unrisd/website/newsreview.nsf>. S. Ó Siochrú and B. Girard, with A. Mahan. [14 Augustus 2008.]

Koerante

- Cape Times*, 19 Junie 2006
- Financial Mail*, 4 Mei 2001